TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

Naam van gemeente: Lady Grey..... **Sinode: *NG Kerk in Oos-Kaapland***

Belangrik
1. Hierdie vorm word gebruik vir die terugvoering van groepgesprekke in die gemeente. 'n Kopie van die vorm word ook gebruik vir die opsomming van die gemeente se insette en kommentaar.
2. Baie belangrik: By die gemeente se opsommende vorm moet alle "rou data", maw die skriftelike terugvoering wat gekry is van al die gesprekke in die gemeente, aangeheg word.
3. Die gemeente se opsomming met die aangehegte rou data moet nie later as 31 Oktober 2007 by die sinodale kantoor wees nie. **Stuur dit aan**: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055.
4. Volledige bronne oor kerkhereniging is beskikbaar by www.ngkok.co.za/eenheid. Dit sluit ***hierdie terug-voervorm*** en die meegaande boekie, ***Konsultasie oor Kerkhereniging***, in.

A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle
[Merk al die blokkies wat van toepassing is]

¨ Kerkraad
X Wyke
¨ Kleingroepe
¨ Lidmate: byeenkoms
¨ Lidmate: individueel
¨ Ander: .....

2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?

X Ja
¨ Nee

B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?
Mening oor die voorstel?

- Punt 1 is aanvaarbaar
- Die Belhar belydenis is polities geïnspireerd en is nie 'n vierde belydenisskrif nie.
- Die Algemene Sinode het buite hul reg opgetree toe hul met die VGKSA die konsensuspunte 5 en 6 aangegaan het omrede hulle geweet het dat die gemeentes reeds die Belhar dokument as belydenisskrif afgewys het (in die Streeksinodes) en voorts dat dit slegs as beleidsdokument in die eenheidsgesprekke mag funksioneer. Die voorstel druis lynreg hierteenoor in en dit wys dat die Alg. Sinode haar nie aan die gemeentes steur nie. Voorts skep dit wantroue by lidmate teenoor die Algemene Sinode.
- Indien punt 1 ernstig opgeneem word, is punte 5 en 6 onnodig. Dit lyk na woordspel en skep wantroue. Punt 1 en punte 5&6 is teenstrydig.

- Ons kry die gevoel ons word gepaai om gebring te word waar ons nie wil wees nie.
- Die Belhar dokument is nie ‘n vierde belydenisskrif nie.
- ‘n Belydenisskrif handel oor die wesenlike van die evangelie. Die Belhar dokument handel oor etiese sake, soos apartheid, sosiale geregtigheid ens. Ons kan dit nie verhef tot die wesenlike van die evangelie nie.
- Ons is nie deel van ‘n kerkstruktuur waarvan die Belhar dokument deel is nie.
- Indien die Belhar belydenis nie meer ‘n voorwaarde is nie, waarom word daar steeds daaroor gepraat indien die Algemene Sinode weet dat ons reeds besluit het dat dit nie ‘n vierde belydenisskrif is nie.
- Kerk en Samelewing is voldoende. Waarom is dit nie ook genoegsaam vir die VG Kerk nie?
- Is God nie aan jou kant as dit ook met jou goed gaan nie? Hoe kan die belydenis vir God aan ‘n kant plaas?
- Is dit sonde om nie die Belhar te ondersteun nie?
- Die aanvaarding van Belhar gaan ons verwyder van die ander twee kerke in die eenheidsgesprekke nl. NGKA en die RCA.
- Belydenis is ‘n persoonlike aangeleentheid en ‘n kerkvergadering kan nie ‘n besluit daaroor neem namens haar lede nie.

Nuwe/ ander voorstelle?

- ‘n Kerkstruktuur sonder die Belhar dokument as vierde belydenisskrif
- Haal die belydenis van Belhar uit.
- Die Belhar dokument maak nie deel uit van ons belydenisgrondslag nie. Ook sal ons nie deel wees van ‘n ander kerkverband waarvan dit deel van die belydenisgrondslag is nie.

C. Die Model

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?

Mening oor die voorstel?

Nee. Die model is nie aanvaarbaar nie.

Taal is ‘n probleem

Die veronderstelling van die punte 5-12 is afhanklik van die vorming van ‘n Algemene Sinode (Punt 4). Ons verwerp dit as die enigste moontlik en wil ander moontlikhede hê. Ons reaksie op punte 5-12 moet nie gelees word as ‘n implikasie dat ons punt 4 aanvaar nie.

Punt1:Die Bybel is nie voorskriftelik ten op sigte van hoe strukturele eenheid moet lyk nie. Daar is verskeie strukturele moontlikhede wat uitdrukking kan gee aan die Bybelse eis van eenheid. Kan daar nie ook ander voorstelle/riglyne deurgegee word nie bv. Van die NGKA en RCA by Achterberg nie?

Punt 2:Moet ten alle koste behou word

Punt3: Nee. Ons gemeente is reeds oop. Enigiemand is welkom om by ons as lidmaat aan te sluit. Die struktuur wat die implikasie is aanvaar ons nie.

Punt4:Nee. Die vorming van enige strukture kan eers geskied nadat die konfessionele basis uitgeklaar is. ‘n Algemene Sinode is ook nie die enigste uitdrukking van eenheid nie. Wat is die bindendheid van so ‘n sinode se besluite op die res van die kerkverband? Ook wat is die bindendheid van ringsbesluite op gemeentes?

Punt5:Nee. ‘n Werklike organiese model groei van onder na bo. Kerkverband groei vanuit gemeentes se betrokkenheid met mekaar. Die voorstel is vir ‘n hiërargie wat die gemeentes na onder rig. Eenheid behoort van onder te groei.

Punt6: Nee. Dit is kerkordelik moeilik omrede geen verband aangegaan kan word alvorens die belydenisgrondslag uitgeklaar is nie. Die implikasie is kerkskeuring wat vermy moet word.

Punt7: Nee! Dit is om die kar voor die perde in te span. Daar is nie eens

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Wat moet bygevoeg word?
Die riglyne/ voorstelle wat die NGKA en die RCA gemaak het tot hierdie proses.

Wat weggelaat kan word:
Punt 4
Daarmee saam verval punte 5-12 al

Nuwe/ ander voorstelle?

‘n Federale model moet ondersoek word. Niks verder nie.

- ‘n Algemene Sinode met beperkte mag. Vergader slegs oor sake van gemeenskaplikebelang en maak aanbevelings na deelsinodes. Deelsinodes (streeksinodes) word saamgestel volgens belydenisgrondslag.

D. Gesamentlike projekte

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte?

Mening oor die voorstel?

Ons het reeds samewerkingsprojekte. Die huidige reëlings tussen gemeentes kan voortgaan en die kerkorde maak reeds genoegsaam voorsiening vir die verhoudings tussen die NGK en die ander kerke.

Gesamentlike projekte is ook ‘n uitdrukking van eenheid. Dit veronderstel nie noodwendig strukturele eenheid nie.

Punt 2.3: Nee. Die proses moet ‘n “van onder” proses wees en nie ‘n “van bo en onder” proses nie. Sonder ‘n motivering van die grondvlak sal enige voorstel nie kan slaag nie.

Punt 3-6: Waar gaan die kantoor sy fondse vandaan kry?
Wie betaal daarvoor?

Punt7: Onmoontlik. Wat gaan die belydenisgrondslag van die gemeentes wees? Die voorstel is onaanvaarbaar en sluit die NGKA en RCA uit omrede hul ook nie die Belhar dokument as belydenisgrondslag aanvaar nie. Elke gemeente bring reeds Hoop deur die suiwer verkondiging van die evangelie. Hoop vir SA sit nie in strukture nie, maar in die verkondiging.

Punt8:Dit gebeur reeds binne gemeentes en moenie deur die Alg. Sinode forseer word nie

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Wat moet bygevoeg word?

Wat moet weggelaat word?
Alle punte met die huidige model as voorveronderstelling. Ons sê "ja"vir samewerking soos wat dit tans is, maar dit is nier 'n eerste stap in die rigting van 'n model wat ons verwerp nie.

Nuwe/ ander voorstelle?

Samewerking moet van onder groei.

E. Versoeningsprosesse

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk:

Mening oor die voorstel?

Hofgedinge is nie tot eer van die Here nie.

Die prosesse moet ook lidmate se burgerregte in gedagte hou.

Die saak tussen die NGKA en VGK wys weereens daarop dat enige sodanige proses van die gemeentes moet gebeur andersins sal dit nie gebeur nie.

Dit is nie tot eer van die Here dat sy kerk se struwelinge in die koerante gevoer word nie.

Kultuurverskille is nie altyd versoenbaar nie

Versoening beteken nie noodwendig hierdie vorm van eenheid nie.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Versoening behoort prioriteit te kry bo die vorming van strukture.

Nuwe/ ander voorstelle?

F. Moontlike naam van ’n nuwe kerkverband

Indien daar in die gesprekke spesifieke menings of voorstelle ten opsigte van ’n naam vir die nuwe kerkverband na vore gekom het, gee dit asseblief hieronder weer:

.....

’n Nuwe naam is buite die kwessie. Ons is en bly die Nederduits Gereformeerde in Lady Grey.....
.....

.....

Indien daar inligting is wat nie in die gegewe blokkie kon inpas nie, of ander sake wat u sou wou noem, kan u dit aan hierdie vorm heg.

Aangeheg

1 Skrywe Oudl. J Fouche

Kerkhereniging

Na die deurlees van die beskikbare leesstof is dit duidelik dat kerkhereniging slegs kan slaag op ‘n federale basis, aangesien dit ‘n tydsame en sensitiewe proses is, wat nie binne ‘n dekade of twee rypgedruk kan word, sonder om groot skade te berokken nie.

Voorstel: Dat kerkeenheid op ‘n federale grondslag plaasvind,

Voordele:

Konfessionele basis

1 Dan is dit nie nodig vir niemand nodig om die Belhar-belydenis te aanvaar nie. Dit sal vir die RCA, NGKA, en die groot meerderheid NG Kerk lidmate wat daarteen gekant is aanneemlik wees.* Sien bylaag.

Model

2 Ander kerke wat aangedui het dat hulle geïnteresseerd is in ons eenwording, ook by so ‘n federasie sal kan aansluit.

3 Dit sal die gevaar van skeuring in die NG Kerk en verlies van getroue lidmate teenwerk.

4 Geen nodigheid vir ‘n nuwe belydenisgrondslag nie.

5 Kommunikasie in verskillende tale sal net op die hoogste vlek ‘n probleem wees, en nie op grondvlak nie.

Gesamentlike projekte

6 Gesamentlike projekte kan nog steeds plaasvind soos tans.

Versoening

7 Versoening deur gesprekvoering en samewerking in so ‘n stelsel sal ‘n natuurlike noodwendigheid wees.

Bylaag tot Kerkhereniging

<u>Die belydenis van Belhar</u>

Die bogemelde belydenis het die lig gesien in ‘n tyd van politieke verdrukking deur die regerende party. Net soos sekere volkgroepe nou ontneem word van werksgeleenthede, kan die belydenis ook huidiglik deur hulle aanneemlik gevind word. My beswaar is egter die volgende:

Die Belhar belydenis was polities geïnspireer, uit haat gebore en Skriftuurlik geregverdig.

Hierdie feit sal min mense openlik erken maar in hulle harte weet elkeen dat dit waar is, en om die belydenis te aanvaar bewys ‘n gebrek aan vergifnis soos die Bybel van ons verwag.

Oudl. J Fouche

Baie dankie vir u deelname en aandeel!!

Stuur hierdie vorm voor 31 Oktober 2007 aan: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055